



Bybetalingsbylae vir Huiseienaarsversekering

Hierdie bylae is 'n integrale deel van die Absa Huiseienaarsversekeringspolis en moet saam met die polisbewoording en polisbylae gelees word.

Tabel van eerste bedrae betaalbaar (bybetalings)

Eerste bedrae betaalbaar (bybetalings)		U is verantwoordelik en aanspreeklik vir:
Basiese bybetaling		Die eerste R1 000 van iedere en elke eis.
Die volgende bykomende bybetalings geld		
Bykomende bybetalings		U is verantwoordelik en aanspreeklik vir:
1	Grondverskuiwing en grondversakking	Die eerste 1% van die versekerde bedrag of R5 000, wat ook al die grootste is.
2	Aardbewing of aardtrilling as gevolg van mynboubedrywighede	Die eerste R2 500 indien die risikoadres binne alle gebiede val.
3	Onbewoonde perseel	Die eerste R10 000 terwyl die versekerde geboue onbewoon is [minder as 60 (sestig) dae] en verlies of skade veroorsaak word deur huisbraak, diefstal of 'n kwaadwillige daad of enige poging daartoe. Die eerste R2 000 terwyl die versekerde gebou leeg is [minder as 60 (sestig) dae] en verlies of skade veroorsaak word deur die bars, lek of oorloop van geisers, pype, huishoudelike toestelle, spoelbakke en vaste geiservoertenks, of die onklaarraking van 'n vaste water- of olieverwarmingsinstallasie.
4	Elektroniese/Elektriese toerusting	Die eerste R1 000 ten opsigte van verlies of skade deur weerlig aan elektroniese/elektriese toerusting, insluitende dié wat gebruik word vir outomatiese deure of hekke, sprinkelaarstelsels, diefalarms, brandalarms, interkom- of videomonitoringstelsels, lugrade en satellietskottels.
5	Vervanging van elektriese geisers en/of sonkraggeiserstelsels	R1 000 vir verlies of skade wat 'n vervanging tot gevolg het.
6	Gevolglike skade weens verlies of skade veroorsaak deur 'n elektriese geiser en/of sonkraggeiserstelsel	R800 bo en behalwe die basiese bybetaling van R1 000, wat R1 800 beloop.
7	Onderdele vir elektriese geiser en/of sonkraggeiserstelsel	R600 vir die vervanging van versekerde eiendom soos aangegee in 'Uitbreiding van dekking, 2.5 Geiser en sonkragstelsel'.